H.B.Th.

191. T. 6 (9)

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Verw./Ref. No.


**NASIONALE ONDERWYSRAAD**
**NATIONAL EDUCATION COUNCIL**

Telegramme / Telegrams "Adviesraad"
Telefoon / Telephone 3-3114 / 3-3117

Privaatsak / Private Bag X298
PRETORIA


## 'N SUID-AFRIKAANSE ONDERWYSERSRAAD.

DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER VAN DIE NASIONALE ONDERWYSRAAD.

(Toespraak voor die Jaarvergadering van die Vrystaatse Onderwysersvereniging, Bloemfontein, Vrydag, 8 September 1972, 8.30 nm.)

Student- moet daarom slaap ook! Egter: Down & out! Let sleeping dogs lie! respecting

I - Alg. & Inleidend

Op die program staan dat ek sal praat oor: Hoofpunte in ons Onderwysbeskouing. Dit is 'n belangrike onderwerp, wat seker voortdurend die aandag van verantwoordelike onderwysmanne behoort te geniet. Ek het dan ook reeds geruime tyd gelede self hierdie onderwerp as my tema opgegee.

By nadere oorweging het ek egter besluit om, met die verlof van die vergadering, liewer 'n ander onderwerp te neem. Ek neem 'n onderwerp wat eweseer belangrik is, 'n onderwerp wat die onderwysberoep as sodanig regstreeks raak en wat veral op die huidige dag vir ons van groot belang is. Ek wil praat oor: 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad. Ek wil dit doen, nie net omdat dit belangrik is nie, omdat dit vandag aktueel geword het nie, maar ook omdat ek dit hier kan doen, hier by 'n vername onderwysgeleentheid, hier waar onderwysmense byeen is om hulle van hulle professionele sake rekenskap te gee. Ek kan my nie 'n

2/.......

geskikter geleentheid voorstel nie; en wat ek gaan sê, sê ek dan nie net aan hierdie vergadering nie, maar aan die onderwysmanne en -vroue van ons land in die algemeen. X Want ek weet dat almal terdeë geïnteresseerd is in die sake van hulle professie.

Op die program staan dat ek optree as Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad. Van hierdie hoedanigheid kan ek my, by 'n geleentheid soos hierdie, nie losmaak nie. Die Nasionale Onderwys=raad hou hom met 'n verskeidenheid van onderwyssake besig, en op sy program geniet 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad hoë prioriteit. Ek wil dit egter baie duidelik stel dat wat ek gaan sê, geensins beskou moet word as amptelike landsbeleid vir die toekoms nie. Om sodanige landsbeleid, in soverre dit op die gebied van die onderwys lê, aan te kondig, berus by Sy Edele die Minister van Nasionale Opvoeding; en ons kan ook inderdaad verwag dat hy in die toekoms, net soos in die jongste verlede, met belangrike beleidsverklaringe sal kom. Ook wat 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad betref, sal die Minister op die tyd en plek wat hy goed vind, die nodige aankondiging doen en die betrokke besonderhede verstrek. X En dit sal 'n baie belangrike aankondiging wees.

Wat ek beoog, is om inligting te gee oor wat gedoen is en tans gedoen word, en ook om sekere gesigspunte te stel waarop daar gelet moet word. Oor hierdie dinge word vandag deur verskillende persone baie gepraat en geskryf, soms op weloorwoë, verstandige wyse, maar - en laat ons openhartig wees - soms ook op hoogs onverant=woordelike wyse. Ek dink die onderwysberoep van ons land het reg daarop om oor die moontlikheid van 'n onderwysersraad ingelig te word, daardeur word gedagtes geprikkel en die juiste perspektief verkry in verband met 'n ontwikkeling wat vir die beroep as geheel van diepgaande betekenis is.

II. Beroepsrade – veral ook in ond. nie in ver. nie!

Beroepsrade is natuurlik welbekend en bestaan in verskeie professies reeds lankal. Ons dink veral aan die professionele liggame van bv. medici, ingenieurs, prokureurs, aptekers en verpleeg=sters. Dit is almal liggame wat in verband met die onderskeie beroepe werk van groot waarde doen. Trouens, 'n mens kan jou hierdie beroepe vandag nie meer sonder hulle onderskeie beroepsliggame voorstel nie.

Dit is heeltemal verstaanbaar dat ook in die onderwys=beroep, sowel in Suid-Afrika as in die buiteland, die behoefte aan 'n beroepsraad gevoel is. Immers, die onderwyser en onderwyseres staan ook in 'n bepaalde professie, 'n professie met sy eie besondere opleiding, behoeftes, ideale, ere-opvattinge en ereverpligtinge. Die aandrang op 'n professionele liggaam vir onderwysers het in ons land veral in die afgelope jare sterk na vore gekom. In vrywel al ons onderwysers=verenigings het reeds stemme ten gunste daarvan opgegaan.

Nie net die onderwysersverenigings as sodanig nie, maar ook die Federale Raad van Onderwysersverenigings het baie aktief opgetree. Die Federale Raad het 'n vaste komitee in die lewe geroep wat aan hierdie saak aandag wy, en die Federale Raad is deur die verenigings versoek om dit onvermoeid te bevorder. Dit alles toon hoe sterk die georganiseerde onderwyserskorps voel.

Ook buite die beroep om het die aandrang sterk geword. Dit het ons veral ten tyde van die parlementsessie in 1969 gesien, toe belangrike onderwyswetgewing behandel is. Toe die Wet op die Nasionale

4/.......

Onderwysbeleid, 1967, soos gewysig deur Wet No. 73 van 1969, ter sprake was, waardeur o.a. die nuwe Nasionale Onderwysraad en die Komitee van Onderwyshoofde ingestel is, is van verskillende kante by die destydse Minister van Nasionale Opvoeding, sen. Jan de Klerk, aangedring om in die nuwe wet ook vir 'n professionele onderwysersraad voorsiening te maak.

Die Minister was die gedagte simpatiek gesind, en het dit in beginsel ook gesteun, maar hy het gevoel dat daar toe nog teveel struikelblokke in die weg was en dat dit nie in die wet opgeneem kon word nie. Hy het egter die versekering gegee dat, as die nuwe Nasionale Onderwysraad in die lewe geroep is en met sy werksaamhede begin het, hierdie raad as een van sy eerste take sou hê 'n ondersoek na die wenslikheid en moontlike instelling van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad. Dit was 'n baie belangrike versekering wat die Minister hiermee gegee het, en dit het inderdaad op besonder doel=treffende wyse die weg gebaan vir stappe wat op die moeilike weg gedoen moes word.

III. — Aandeel v. N.O.R.

Op 1 Augustus 1969 het die Nasionale Onderwysraad, ooreenkomstig die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, 1967 (soos gewysig deur Wet No. 73 van 1969), in werking getree. Na hierdie raad het ek tevore verwys as die „nuwe" Nasionale Onderwysraad, en wel omdat dit die Nasionale Adviserende Onderwysraad, wat voorheen bestaan het, vervang het.

Getrou aan die versekering van min. Jan de Klerk het die nuwe Minister van Nasionale Opvoeding, sen. J.P. van der Spuy, die Nasionale Onderwysraad op 18 November 1969 versoek om ondersoek

in te stel na die moontlikheid van 'n registrasieraad vir onderwysers. Hier is sprake van 'n „registrasieraad", maar die bedoeling was gewoonweg 'n professionele raad, wat o.a. vir die registrasie van lede van die beroep verantwoordelik sou wees. In die verlede is van 'n „registrasieraad" of 'n „professionele raad" of 'n „onderwysersraad" gepraat, en al hierdie terme hoor 'n mens ook vandag nog. Persoonlik verkies ek om te praat van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad.

Die versoek wat die Minister tot die Nasionale Onderwysraad gerig het, het beteken dat die ondersoek na, en die advies in verband met 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad nou die besondere taak van die Nasionale Onderwysraad geword het. Dit wil natuurlik nie sê dat dit die monopolie van die Nasionale Onderwysraad geword het nie; inteendeel, enige persoon of instansie wat 'n verdienstelike bydrae te maak het, is welkom om dit te doen. Maar die taak om, in opdrag van die Minister, ondersoek in te stel en die Minister van advies te dien, het die besondere plig van die Nasionale Onderwysraad geword.

Hierdie raad het hom onverwyld aan sy taak gewy. Oor die wenslikheid van 'n professionele liggaam was daar, vanuit die hoek van die professionele behoeftes van leerkragte gesien, reeds 'n groot mate van eenstemmigheid. Maar ook gesien vanuit die hoek van die aansien of status van die onderwysberoep was daar 'n behoefte aan so 'n liggaam. Dit is 'n punt wat begryplikerwyse tot die Nasionale Onderwysraad gespreek het, des te meer nog omdat, volgens wet, een van die pligte van die Raad soos volg lui:

„Die Raad moet hom ook daarvoor beywer om agting vir die onderwys asmede die onderwysberoep en die aansien van diegene wat in die onderwysberoep staan, te handhaaf en te bevorder."

Ek wil nie hier ingaan op al die stappe wat die Nasionale Onderwysraad in verband met 'n professionele liggaam gedoen het nie, en dit is ook nie nodig nie. Dit is egter wel wenslik dat 'n paar hoofpunte aangestip word. Ten eerste is nagegaan wat alles tot dan toe gedoen is, en veral is gelet op die werk wat die Nasionale Adviserende Onderwysraad verrig het. Ook is geskakel met die onderwys=hoofde van die provinsies en met ander gesaghebbendes. Verder is nagegaan wat reeds in ander lande gedoen en bereik is, sodat ons soveel doenlik ook uit hulle ondervinding sou kon leer. Daarby is menings van vrywel al ons onderwysersverenigings in al vier die provinsies ingewin, en ook het die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Onderwysraad 'n paar keer saam met die lede van die Federale Raad se betreffende komitee vergader om inligting in te win en probleme deeglik uit te pluis. Bowendien het die Nasionale Onderwysraad verskeie kere in sy volle vergadering oor die onderhawige saak beraad=slaag, en ook een lang sitting grotendeels hieraan gewy. Ten slotte het die Onderwysraad 'n hele paar keer met die Minister oorleg gepleeg om voorlopig verslag te doen en tentatief moontlikhede te bespreek.

Aldus is daar kalm en versigtig besprekings gevoer en ondersoek ingestel. Die werk kon nie haastig aangeja word nie, want moeilike probleme moet gehanteer word, en 'n mens het te doen met 'n gevestigde toestand wat oor baie jare in ons land sy beslag gekry

en uiters ingewikkeld geraak het. Om 'n professionele raad daar te stel, wat vir die onderwysberoep werklik die moeite werd sal wees en deur al die partye aanvaar sal word, is geen gemaklike taak nie.

Die probleme waarvoor ons staan, sal enigsins duidelik word indien ons 'n bietjie ingaan op die aard en karakter van die raad wat ons beoog.

IV. — aard en Karakter van Raad.

Ons het in gedagte 'n professionele raad, 'n raad soos bv. die S.A. Geneeskundige en Tandheelkundige Raad, die Raad vir Professionele Ingenieurs en die S.A. Verpleegstersraad, d.w.s. 'n raad wat die betrokke beroep na buite verteenwoordig en wat bevoeg is om in 'n verskeidenheid van situasies namens die beroep te praat en op te tree. Dít is wat die genoemde drie rade doen, en dit is ook wat ons van 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad verlang.

Maar die onderwysberoep is 'n eiesoortige beroep wat in baie opsigte radikaal verskil van die genoemde beroepe. Dit is nie 'n „onafhanklike" beroep nie, soos die geneeskundige beroep en die ingenieursberoep, waarvan die lede vir 'n baie groot persentasie hulle beroep onafhanklik beoefen en persoonlik die onsekerhede, sukses of mislukking, van hulle inkomste trotseer. Die onderwysberoep is tot 'n sekere mate vergelykbaar met die verpleegberoep, en wel in sover die oorgrootste persentasie van die lede van die onderwysberoep in die diens van sekere instansies staan en deur hulle gesalarieer word. Maar dit verskil weer radikaal van die verpleegberoep in sover by die onderwysberoep die aandag veel sterker toegespits is op die geestelike inhoud en diepte van die subjek-objek-relasie as by die verpleegberoep.

Dit is in hoë mate omrede van hierdie sy van die onderwysberoep dat die werk van die onderwyser so moeilik is, en dat die sukses al dan nie daarvan dikwels nie ooglopend is, en meermale eenvoudig glad nie gemeet kan word nie. Met hierdie feit moet rekening gehou word as ons aan 'n professionele raad vir onderwysers dink.

Die aard van so 'n raad bring mee dat hy in voeling sal moet wees met verskeie persone en instansies wat vir hom van regstreekse belang is. Ek dink bv. aan ander liggame (soos onder=wysersverenigings) wat in die beroep bestaan, aan die lede van die beroep self, en bowendien aan owerhede soos die provinsiale departemente van onderwys (verteenwoordig deur die onderwyshoofde) en die regering (verteenwoordig deur die Minister van Nasionale Opvoeding). Dit is in die uitoefening van sy magte of bevoegdhede dat die raad met hierdie persone en instansies in voeling tree. En dit is juis in hierdie verband dat ons met die grootste moeilikhede te doen kry wat die instelling van 'n raad tot nou toe in die wiele gery het.

As so 'n raad werklik van betekenis moet wees, as hy vir die onderwysberoep werklik die moeite werd moet wees, moet hy oor bevoegdhede beskik wat van betekenis is. Om 'n raad te hê wat bv. maar net kan praat en menings gee, of maar net oor onbenullige dingetjies kan besluit, sal nooit deug nie. Dit sal frustrasie in die hand werk, en ek sou dink dat dit vir die onderwysberoep beter sou wees om sonder 'n professionele raad te bly as om met so 'n raad opgesaal te wees.

Vra ons ons af na bevoegdhede wat van betekenis is, dan kom ons by dinge soos die opstel en byhou van 'n register van

9/.......

persone wat gemagtig is om onderwys te gee, die vasstelling van kriteria vir die opleiding van onderwysers, die bepaling van diens= voorwaardes van onderwysers, en die neerlegging van tugmaatreëls in gevalle van oortreding van professionele dissipline. Maar enige verstandige mens sal begryp dat dit dinge hierdie is waarby die vernaamste werkgewers van onderwysers, d.i. die provinsies en met name die provinsiale departemente van onderwys, regstreekse belang het. Dit kan nie verwag word dat 'n persoon of instansie sekere mense moet aanstel en betaal, en dan nie seggenskap sal hê nie - en inderdaad groot seggenskap nie - in verband met hulle erkenning as bevoegde werknemers, hulle opleiding, hulle werktye en besoldiging, en tug en dissipline oor hulle.

Dit is heeltemal duidelik dat ons, as ons 'n onder= wysersraad van betekenis wil hê, hierdie kernprobleem sal moet oplos: Hoe kan die regmatige belange van die mense in die beroep geharmonieer word met die ewe regmatige belange van die werkgewende owerheid? Dit moet immers in gedagte gehou word dat daar, heel begryplikerwyse, verskille van mening sal kom, en dat hierdie verskille van mening - soos maar gewoonlik gebeur - veral oor diensvoorwaardes sal handel. Hier sien ons dan die vernaamste probleem waarvoor 'n oplossing gesoek moet word.

Vanselfsprekend is dit vir my nie geoorloof om uit te wei oor wat nou presies gedoen word, of oor die vordering wat gemaak is nie. Ek het nietemin vrymoedigheid om in 'n paar woorde te sê wat die benadering van die Nasionale Onderwysraad is.

Ons is van mening dat by 'n onderwysersraad, soos trouens by enige dergelike konstitusionele liggaam, die hoofaspekte daarvan, t.w. bevoegdhede, samestelling en prosedure, duidelik gesien en deeglik bestudeer moet word. Onder elkeen hiervan is daar weer die besondere punte wat indiwidueel, en in samehang met mekaar, oorweeg moet word.

Gesien die feit dat ons met verskillende partye en met potensieel botsende belange te doen het, is dit nie maklik om 'n bevredigende reëling van enigeen van hierdie drie hoofaspekte te vind nie. Van die drie sou die kwessie van prosedure egter, betreklik gesproke, die maklikste opgelos kon word, terwyl die kwessie van die samestelling van die raad, hoe uiteenlopend die belange van die betrokke partye ook al mag wees, seker nie onoplosbaar sou wees nie. Die groot knoop lê, soos 'n mens op grond van die voorgaande kan verwag, by die bevoegdhede van die raad. Vandaar dan dat die Nasionale Onderwysraad sy aandag veral eers hierop toegespits het.

'n Nadere studie van die bevoegdhede het aan die lig gebring dat 'n mens hieronder drie groepe sou kon onderskei: Dié wat die onderwysersraad self ten volle sou besit en uitoefen, dié wat die onderwysersraad in oorleg met die departemente van onderwys - met name die onderwyshoofde - sou uitoefen, en dié waarby die onderwysersraad hom regstreeks tot die Minister van Nasionale Opvoeding sou kon wend. Ons kan maar net hoop dat die Nasionale Onderwysraad 'n bevredigende oplossing sal vind, en dat dit binne afsienbare tyd sal gebeur. Wat myself betref, kan ek sê dat ek geen gegronde rede kan sien waarom sake nie gunstig kan verloop nie.

Ek moet nog daarop wys dat 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad 'n statutêre liggaam sal moet wees, d.w.s. dat hy by wyse van 'n wet van die Parlement in die lewe geroep sal moet word, en dat die hoofpunte van sy bevoegdhede, sy samestelling en sy prosedure in die wet vasgelê sal moet wees. Slegs as hierdie weg gevolg word, sal so 'n liggaam werklik agting afdwing en by almal hoë aansien geniet.

Maar dit is juis hierdie feit, hierdie noodsaaklikheid van wetgewing, wat ons taak soveel moeiliker maak. 'n Mens kan in die omgang sê wat jy bedoel, jy kan besluite neem, sonder om jou al te seer te bekommer oor die presiese bewoording waarvan jy jou bedien. Maar die moment as iets in 'n wet vasgelê moet word, word die saak anders: Dan mag daar geen twyfel wees nie, nóg oor bedoeling nóg oor bewoording, en geen teenstrydigheid nie en geen magsoorskryding nie. Die wetsopstellers en die regsadviseurs let op die puntjies; hulle sal niks deurlaat wat nie bestaanbaar is nie.

Dit sal bv. glad nie deug, hoe goed ook al bedoel, om bloot te sê dat sekere bevoegdhede deur sekere instansies gesamelik, of in samewerking met mekaar, uitgeoefen sal word nie. Daar sal duidelik gestel moet word wat die bewoording „gesamelik" of „in samewerking met mekaar" presies beteken, en hoe dit presies in die praktyk ten uitvoer gebring sal word. Die regsgeleerdes sal, soos hulle gewoonlik doen, die toets aanlê: As 'n geskilpunt voor die hof kom, sal die bedoeling van die wetgewer volkome duidelik wees? As dit op die een of ander plek nie die geval is nie, sal hulle so 'n ontwerp vir 'n wet nie deurlaat nie, en dan sal so 'n wetsontwerp nie aanvaarbaar wees en nooit 'n wet van die land kan word nie.

12/.......

Van hierdie feit is die Nasionale Onderwysraad hom wel goed bewus, en daarom wy hy ook, al besef hy dat hy geensins deskundige op dié gebied is nie, tentatief aandag aan 'n moontlike wetsontwerp wat as grondslag vir wetsopstellers en regsadviseurs kan dien. Dit alles sê ek sodat ons sal verstaan dat, al het ál die nodige onderhandeling en oorlegpleging ook al plaasgevind, die finale vormgewing van die instrument wat die S.A. Onderwysers=raad sy beslag sal moet gee, baie tyd mag vereis. Ook wat dit betref, sal ons moet onthou: Ons kan die vrug nie ryp druk nie!

V. – Slotopmerkings.

Laat ek met 'n paar slotopmerkings afsluit. 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad sal, as dit op die regte manier georganiseer word en oor die gewenste bevoegdhede beskik, ongetwyfeld 'n baie groot bydrae kan lewer om die status en aansien van die onderwysberoep te bevorder en hoog te hou. Dit sal ook vir diegene wat in die beroep staan, bevrediging en besieling in hulle arbeid bring en hulle in staat stel om as beroepsmense voorregte te verkry wat hulle, by ontstentenis van 'n erkende, amptelike beroepsliggaam, nie so maklik sal kon verkry nie. Dit is die een sy van die saak.

Daar is ook 'n ander sy. Die instelling van 'n beroepsliggaam vir onderwysers, en die gevolglike verhoging van hulle beroepstatus, sal ook groter verantwoordelikhede aan die beroep oplê. Hier het ons 'n treffende illustrasie van die bekende waarheid dat groter seggenskap en voorregte noodwendig groter verantwoordelikheid meebring. Die onderwysberoep sal vir homself

'n omvattende erekode moet opstel en aanvaar, wat hom tot die diens van Suid-Afrika sal verbind en wat hy nougeset sal moet uitleef. Die beroep sal dan ook self moet toesien dat diegene in die beroep wat daardie erekode nie nakom nie, sonder aansien des persoons gestraf word.

Ek wil ten slotte my opregte dank en waardering uitspreek teenoor al diegene wat reeds op die een of ander wyse 'n bydrae tot hierdie belangrike saak gelewer het, en insonderheid teenoor diegene wat die Nasionale Onderwysraad so geredelik in sy taak bygestaan het, en inderdaad nog bystaan. Ons dink veral aan die onderwyshoofde van die provinsies en aan die lede van die betreffende komitee van die Federale Raad. Ek hou my daarvan oortuig dat ons, sonder die hulp van hierdie manne, nooit sou gekom het waar ons vandag staan nie. En al eis nugtere realisme van ons dat ons die moeilikhede sal raaksien van die stuk pad wat nog voorlê, weet ons dat ons, dank sy die bystand van goedgesindes, met vertroue en vaste tred kan voortgaan.

Laat my toe om, as 'n laaste woord, 'n ernstige beroep te doen: Laat ons in ons begryplike ywer nie oorhaastig word nie; laat ons kalm en positief voortgaan; laat ons ywerig werk en volhou; maar laat ons op verstandige wyse geduld beoefen, en laat ons volle vertroue hê in al diegene wat met hierdie saak gemoeid is. Laat ons uitsien na die dag wanneer Sy Ed. die Minister van Nasionale Opvoeding vir ons 'n Suid-Afrikaanse Onderwysersraad aankondig. Wat myself aangaan, ek sien nie net reikhalsend uit na hierdie dag nie; ek werk ook onvermoeid daarvoor.